Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 14/2018 **18 Junie 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag:

1. **Rapporte**

   Leerders sal hul rapporte op Vrydag, 22 Junie om 09:45 ontvang.

2. **Skool sluit**

   Die skool sluit Vrydag, 22 Junie om 10:00 en sal weer op Dinsdag, 17 Julie heropen.

3. **Entrepreneursdag**

   Daar sal 'n entrepreneursdag gehou word eerskomende Vrydag. Die doel van die dag is om aan leerders die geleentheid te gee om vaardighede aan te leer. Baie sterkte aan al ons entrepreneurs. Soos in die verlede, wil ons al ons ouers versoek om asseblief nie op die terrein te wees tydens die entrepreneursdag nie. U is welkom om Me. Elna van der Westhuizen te kontak vir enige navrae.

4. **Revue**

   Die revue vind plaas in die derde kwartaal. Dit is om die draai en daar word baie hard geoefen. Die afrigters het reeds begin met die aankope vir die revue. Indien u enige probleme ondervind om die geld van die revue te betaal, tref asseblief persoonlik reëlings met die revue afrigters.

5. **Krieketkliniek**

   Die krieketakademie bied vanaf 11 tot 13 Julie 'n krieketkliniek by die skool aan ter voorbereiding van die komende seisoen. Alle o/9 tot o/13 spelers is welkom om die kliniek by te woon. Die koste beloop R200 per speler vir die drie dae. Oefening sal vanaf 09:00 tot 12:00 plaasvind. Vir enige navrae kontak Mnr. Ruan de Koker (076 020 9110).

admin@dagbreek.co.za

6. Skoolfonds

Baie dankie aan al die ouers wie se rekeninge tot op datum betaal is. Graag herinner ons u dat die skool op 17 Julie heropen en dat die skoolgeld vir Julie vooruitbetaalbaar is.

Indien u enige uitdagings het rondom agterstallige skoolgeld, stel ons asseblief skriftelik in kennis daarvan, sodat ons kan kyk hoe ons die uitdaging kan hanteer.

7. Hengel

Baie geluk aan Ruben Els, Juandré Wasserman, Franco Pretorius en Ruben Pretorius wat gekies is vir die o/16 en o/19 spanne wat aan die Nasionale Diepsee Hengelkompetisie gaan deelneem vanaf 17 tot 20 Julie. Ons is baie trots op julle.

8. Gedagte van die week

"Worrying is like a rocking chair, it gives you something to do, but it doesn't get you anywhere." – Unknown

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof